

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Donderdag **5 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 6:1-13 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 6:11-13**

**Die Bybel herinner ons dat God sy beloftes hou**

Die Bybel is vol van God se beloftes – meer as 1000 van hulle. Soms staan hierdie beloftes vir ons vas en dan gee dit vir ons moed, vul ons met hoop. Soms kom die twyfel, veral wanneer dit swaar en moeilik gaan, die teëspoed jou tref: Sal God doen wat Hy beloop het? Dink maar by die sterfbed ... voor 'n groot operasie ... as die reën wegbly ... voor 'n groot toets/eksamen. Dan het ons iets om aan vas te hou: die Bybel wat ons herinner dat God sy beloftes hou.

Ons Skrifgedeelte is 'n bevestiging daarvan: Salomo wat besig was om die tempel te bou. Die vervulling van 'n belofte wat God destyds aan Dawid in 2 Samuel 7 gemaak het: dat hy nie die tempel sou bou nie, maar sy seun, Salomo. In sy genade het God gesorg dat dit gebeur.

En as hierdie belofte besig is om in vervulling te gaan ... dan kom daar nog 'n belofte. 'n Belofte dat God tussen sy volk sou woon en hulle nie sou verlaat nie. 'n Belofte wat in Christus sy volle betekenis gekry het toe Hy as Immanuel na die wêreld gekom het, "God met ons". En as Jesus, nadat Hy sy werk hier op aarde volbring het, na die hemel opvaar, dan vaar Hy op met 'n belofte "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20b). Dan het "al hierdie dae" die betekenis van elke dag, elke omstandigheid, elke oomblik en situasie.

En hoe is Hy "al die dae" by ons? Deur die Heilige Gees wat ons verseker van God se nabyheid en teenwoordigheid in ons lewe. Nog 'n belofte (Joh. 14 en 16) wat met Pinkster (Hand. 2) in vervulling gegaan het. Mag die wete dat God sy beloftes hou u vul met moed en hoop vir al die uitdagings en eise van die lewe.

*Sing: Psalm 105-1: 5*

*Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)*